

Literacy in a nutshell!

Each year on 8 September the world celebrates International Literacy Day. On this day we think about the role that reading and writing plays in our lives and we remember that there are 785 million people across the world who are not literate. Here are 10 important things about literacy that we'd like to share with you.

Geletterdheid in 'n neutedop!

Elke jaar op 8 September vier die wêreld Internasionale Geletterdheidsdag. Op hierdie dag dink ons oor die rol wat lees en skryf in ons lewens speel, en ons onthou dat daar 785 miljoen mense in die wêreld is wat nie geletterd is nie. Hier volg 10 belangrike dinge oor geletterdheid wat ons graag met julle wil deel.

1

In South Africa, only 14% of us are active book readers and only 5% of all parents read to their children.

In Suid-Afrika is slegs 14% van ons aktiewe lesers en net 5% van alle ouers lees vir hulle kinders.



6

Hearing new words used in stories develops children's vocabulary and gives them rich language to draw from when they write their own stories.

Wanneer kinders nuwe woorde in stories hoor, brei hulle woordeskate uit en dit gee hulle 'n ryk taal waaruit hulle kan put wanneer hulle hul eie stories skryf.



2

Young children learn to read and write easily when they know that reading and writing are useful and enjoyable activities. For this to happen, they need lots of experiences with stories and books.

Jong kinders leer maklik lees en skryf wanneer hulle weet dat lees en skryf nuttige en genotvolle aktiwiteite is. Vir dit om te gebeur het hulle baie ervarings met stories en boeke nodig.



7

As adults we always write for real reasons: to write a shopping list, to leave a note for someone, to fill in forms, to create a story. As children learn to write, they learn why we write as well as how to write.

As volwassenes skryf ons altyd om werklike redes: om 'n inkopielys te maak, om 'n nota vir iemand te los, om vorms in te vul, om 'n storie te skep. Namate kinders leer skryf, leer hulle hoekom ons skryf en ook hoe om te skryf.

8

When you read aloud to children and they enjoy the story, they see reading as a satisfying and enjoyable activity. This motivates them to want to read for themselves. It also encourages them to have a lifelong relationship with books.

Wanneer jy hardop vir kinders lees en hulle die storie geniet, beskou hulle lees as 'n bevredigende en genotvolle aktiwiteit. Dit motiveer hulle om self te wil lees. Dit moedig hulle ook aan om 'n lewenslange verhouding met boeke te hê.



Children are able to understand and enjoy stories that are beyond their own reading ability when they hear them read aloud.


Kinders kan stories wat verder as hulle eie leesvermoë strek, verstaan en geniet wanneer dit hardop vir hulle gelees word.



3

Children learn from your example. If you want them to become literate, they need to see you using reading and writing in different ways in your daily life.

Kinders leer deur jou voorbeeld. As jy wil hê hulle moet geletterd raak, moet hulle sien hoe jy lees en skryf op verskillende maniere in die daaglikse lewe gebruik.



9

You can't learn to read if you don't have anything to read, and you can't learn to write if you don't have anything to write with or on! Children need to be able to easily find books that interest them, and paper, pencils and crayons to write and draw with.

Jy kan nie leer lees as jy niks het om te lees nie, en jy kan nie leer skryf as jy niks het om mee of op te skryf nie! Kinders moet maklik boeke kan vind waarin hulle belangstel, en toegang hê tot papier, potlode en krys om mee te skryf en te teken.

4

Reading aloud shows children how we read and how books work. Knowing this makes it much easier for them to learn to read for themselves.

Om hardop te lees wys vir kinders hoe ons lees en hoe boeke werk. As hulle dit weet, word dit baie makliker vir hulle om self te leer lees.

5

10

Children who are good readers at school, are often the ones who read with family and friends after school.

Kinders wat by die skool goeie lesers is, is dikwels dié wat na skool saam met familie en vriende lees.



Drive your imagination

Read to me. Book by book.
Lees vir my. Boek vir boek.





Drive your imagination

Story stars



A reading ambassador

At 13 years old, Ammaarah Galant is the Public Relations Officers for the Young Authors' Club in Cape Town, where she has been a member since 2011. We asked Ammaarah why she loves reading and why she thinks all children should join a reading club.

What made you join the Young Authors' Club?

I used to watch the members of the Young Authors' Club – YACCERS – perform at our assemblies. They would sing, dance, read aloud and recite poems with lots of expression, and it excited me! That made me eager to join.

Tell us about the club.

We are a reading club that wants to promote literacy – listening, speaking, reading and writing. Reading is a life skill you carry with you – you need it to do lots of things. At the club we get to develop our writing so that we can become authors one day if we want to.

What do you do at the club?

We discuss poetry, dramatise stories and write our own stories. Once we did an activity where we had to pick an object and write about it. We choose things from the news and talk and write about these events.

How often do you read? Where do you get your books?

I try to read as much as I can. As soon as I finish a book, I start another, usually every three weeks. I either get my books from our club or from the library.

What is your favourite book and author?

I love *Judy Moody's Not a Bummer Summer* by Megan McDonald. I can relate to it because I'm also a teen. I've read it three times! I also love books by Roald Dahl. He is wickedly funny. He writes about things that are not normal – but in a good way.

Why do you love reading?

It transports me to an amazing place. It relieves me from the stress we have as teens.



Ammaarah Galant with famous children's author, Niki Daly, and Brenda Rhode
Ammaarah Galant saam met bekende kinderboekskrywer, Niki Daly, en Brenda Rhode

Storiesterre

'n Lees-ambassadeur

Op die ouderdom van 13 is Ammaarah Galant die Openbare Skakelbeampte vir die Jong Skrywersklub in Kaapstad, waarvan sy al sedert 2011 'n lid is. Ons het vir Ammaarah gevra waarom sy van lees hou en waarom sy dink alle kinders moet by 'n leesklub aansluit.

Wat het jou laat besluit om by die Jong Skrywersklub aan te sluit?

Ek het die lede van die Jong Skrywersklub – YACCERS – by ons saal-byeenkomste sien optree. Hulle sou met gevoel sing, dans, hardop lees en gedigte voordra, en dit het my opgewonde gemaak! Dit het my gretig gemaak om by hulle aan te sluit.

Vertel vir ons van die klub.

Ons is 'n leesklub wat geleterdheid wil bevorder – luister, praat, lees en skryf. Lees is 'n lewensvaardigheid wat jy met jou saamdra – jy het dit nodig om baie dinge te doen. By die klub kry ons kans om ons skryfwerk te ontwikkel sodat ons eendag skrywers kan word as ons wil.

Wat doen julle by die klub?

Ons bespreek poësie, dramatiseer stories en skryf ons eie stories. Ons het eenkeer 'n aktiviteit gedoen waar ons 'n voorwerp moes kies en daarvoor moes skryf. Ons kies ook soms nuusgebeure en praat en skryf dan oor hierdie gebeure.

Hoe dikwels lees jy? Waar kry jy jou boeke?

Ek probeer lees soveel ek kan. Sodra ek klaar is met 'n boek, begin ek nog een, gewoonlik elke drie weke. Ek kry my boeke of by ons klub of by die biblioteek.

Wat is jou gunstelingboek en -skrywer?

Ek hou baie van *Judy Moody's Not a Bummer Summer* deur Megan McDonald. Ek kan daarmee identifiseer, want ek is ook 'n tiener. Ek het dit al drie keer gelees! Ek is ook gek oor Roald Dahl se boeke. Hy is onnutsig en snaaks. Hy skryf oor dinge wat nie normaal is nie – maar op 'n goeie manier.

Hoekom hou jy van lees?

Dit neem my na 'n ongelooflike plek. Dit verlig die spanning wat ons as tieners ervaar.



Send us your reading moments and WIN!

Take a photo of your children reading for enjoyment this International Literacy Day and send it to us to inspire others to capture their children's reading moments too. Simply email your reading moment picture to info@nalibali.org, or share it on Twitter using the hashtag #ReadingMoments. If selected, your photo will appear on the Nal'ibali Facebook page, and you will receive a book to enjoy with your children, as well as a Nal'ibali T-shirt!

Stuur jou leesomblikke vir ons en WEN!


Neem 'n foto van jou kinders wat op Internasionale Geletterdheidsdag vir genot lees, en stuur dit dan aan ons om ander te inspireer om ook hulle kinders se leesomblikke vas te vang. Stuur bloot 'n foto van julle leesomblik per e-pos aan info@nalibali.org of deel dit op Twitter deur die handvat #ReadingMoments te gebruik. As dit gekies word, sal jou foto op die Nal'ibali Facebook-blad verskyn, en jy sal 'n boek ontvang om met jou kinders te deel, asook 'n Nal'ibali T-hemp!

Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.



Gaps lifted the book off the egret's head and took it to the librarian at her desk. "Now we can take it home," said Gaps.

Noenie haal die boek van die reier se kop af en neem dit na die bibliotekekarese se toonbank. "Nou kan ons dit huis toe neem," se Noenie.



Gaps smiled. "You must open the book," he said. "Yes, I know that," said the egret. He opened the book and put it back on his head. "Yes, it's much better this way," he said.

Noenie glimlag. "Jy moet die boek oopmaak," se hy. "Ja, ek weet dit," se die vee-reier en maak die boek oop. Hy sit die oop boek weer op sy kop. "Nou pas dit beter," se hy.

Fold




We publish what we like

This is an adapted version of *I know that!*, published by Jacana Media and available in bookstores and on-line from www.jacana.co.za. This story is available in isiZulu, isiXhosa, Afrikaans, English, Siswati, Xitsonga, Tshivenda and isiNdebele. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Ek weet dit!*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is ook beskikbaar in isiZulu, isiXhosa, Engels, Siswati, Xitsonga, Tshivenda en isiNdebele. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (South African rights only) Tel: (011 628 3200)

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi

I know that! Ek weet dit!



Maryanne Bester
Shayle Bester

Fold



Drive your imagination

No, it didn't look delicious at all! So he put the book on his head.
 "How do I look?" he asked.
 Nee, dit lyk glad nie eens eetbaar nie! Toe sit hy die boek op sy kop.
 "Hoe lyk ek?" vra hy.



Toe pik hy daaraan met sy snawel.

Then he tapped it with his beak.



Die vee-reier ruik aan die boek.

The egret sniffed the book.



"Where are you going?" asked the youngest cattle egret.
 Gaps, the Nguni calf, was walking fast. "I'm going to the library," he said.

"Waarheen gaan jy?" vra die jongste vee-reier.

Noenie, die Ngunikalfie, loop baie vinnig. "Ek gaan biblioteek toe," sê hy.



Noenie antwoord hom nie, want hy wil nie sy maattjie laat sleg voel nie.

"Ek weet dit," sê die vee-reier.

"Ons hoef nie daarvoor te betaal nie. Ons leen boeke by die biblioteek en wanneer ons hulle klaar gelees het, bring ons hulle terug."

"Hoeveel kos die boek?" vra die vee-reier.

Gaps said nothing – he didn't want the egret to feel bad.

"I know that," said the young cattle egret.

"We don't have to pay for it. We can borrow books from the library. When we've read them, we bring them back."

"How much does the book cost?" asked the egret.



The youngest egret flapped his wings. "More books! I want more books ... and I know just where to find them!"

"How did I know you'd say that?" laughed Gaps.

Die jong reier klap sy vlerke. "Nog boeke! Ek soek nog boeke ... en ek weet net waar om nog te kry!"

"Hoe het ek geweet dat jy dit sal sê?" lag Noenie.

En toe loop hulle terug huis toe. Noenie gaan sit op 'n heuweltjie en sit die boek langs hom neer. Die vee-reier is so opgewonde dat hy bo-op die boek spring. Voordat Noenie kan keer, gly die reier die afdrande of en beland in 'n doringbos!

And so they went home. Gaps sat down on the crest of a hill, and put the book down next to him. The egret was excited and he jumped onto the book. Before Gaps could stop him he slid down the hill and landed in a thorn tree!



Then suddenly, Gaps closed the book.

"No, don't stop," said the egret. "I don't know how it ends."

"You DON'T know?" said Gaps. "Let's read on then!" And he read right until the end of the story.



Skielik maak Noenie die boek toe.

"Nee, moenie ophou nie," sê die vee-reier. "Ek wil weet hoe die storie eindig."

"A, jy WEET NIE? Dan moet ons dit klaar lees!" sê Noenie. En hy lees die hele storie tot aan die einde.

"Wag," sê Noenie. Die vee-reier kyk hoe Noenie rek om 'n boek van 'n hoë rak af te haal. Hy gee dit aan die vee-reier.



"Wait," said Gaps. The egret watched Gaps reach up and pull a book off a shelf. He gave it to the egret.

"Oh, the library... Will we find some delicious insects there?" The young egret loved to eat the insects that were kicked up by the calf's hooves.

"The library is where we find books to read," said Gaps.

"I know that," said the egret.

Gaps said nothing – he didn't want the young egret to feel bad.

"O, die biblioteek... Sal ons lekker insekte daar kry om te eet?" Die jong reier is mal oor die insekte wat uit die gras opvlieg omdat hulle versteur word deur die kalfie se hoewe.

"By die biblioteek kry ons boeke om te lees," sê Noenie.

"Ek weet dit," sê die vee-reier.

Noenie antwoord hom nie, want hy wil nie sy maatjie laat sleg voel nie.



When the young egret went inside, he saw what looked like stripes on the walls. Gaps was walking around, peering at the stripes. They didn't look delicious at all.

"What beautiful stripes," said the egret at last.

Toe die jong reier ingaan, sien hy rakke vol verskillende strepies. Noenie loop tussen die rakke rond en kyk na die strepies. Hulle lyk glad nie lekker om te eet nie.

"Pragtige strepies," sê die vee-reier. "Kan ons nou maar huis toe gaan?"



The egret hurried along beside Gaps. Perhaps, he thought, these books would taste even better than insects.

Soon they reached the library.

Die vee-reier moet draf om by Noenie by te bly. Dalk sal die boeke beter smaak as insekte, dink hy.

Gou-gou is hulle by die biblioteek.

Fold

"Jy moet boeke mooi oppas," sê Noenie.

"Ek weet dit," sê die vee-reier. "Ek het dit nie vir 'n minuut uit die oog verloor nie."

Noenie sug, maar sê niks nie.



"You must take care of books," said Gaps.

"I know that," said the egret. "I didn't let it out of my sight for a minute."

Gaps sighed, but he said nothing.

He picked up the book and began to read aloud. The egret listened as Gaps read a story about things he had never heard of. He read about magical creatures, great feasts and daring journeys.



Hy tel die boek op en begin hardop te lees. Die vee-reier luister verbaas toe Noenie 'n storie lees oor dinge waarvan hy nog nooit gehoor het nie. Oor diere uit 'n towerwêreld, groot feeste en dapper reisigers.

Fold

Get creative!

Here are a few activity ideas for celebrating International Literacy Day and National Book Week which runs from 1 to 6 September 2014. The activities help to introduce children to books they haven't read before and also provide opportunities for them to remember and talk about books they have already enjoyed. Try choosing ones that are best suited to your children and their interests. Enjoy the celebration of books!


Create a book buffet

1. Get a collection of books together that your children have not read before – borrow them from a library or friends! (If you are doing this activity at a reading club or in your classroom, you will need one book per child. If you are doing it at home, choose about 10 different books.)
2. Arrange the books in a circle on the floor or on the children's chairs or desks.
3. Ask the children to sit down and read one of the books until a timer goes off. (Set a timer or stop watch for about 5 to 8 minutes.)
4. When the timer goes off, the children need to move to the next book and read that one. It does not matter if they have not finished the previous book.
5. Let them carry on until they have had a chance to read all the books.



Dress up

Encourage your children to dress up as their favourite book character. (If you are at a reading club, ask the parents and caregivers to help their children decide what they will wear.) You can keep it simple by letting the children make paper masks of the characters to wear. Have a parade and photo shoot of all the characters.



Create a poster

Give your children large sheets of paper, crayons, kokis, glue, scissors, and old magazines and newspapers to use to make their own International Literacy Day posters. Encourage them to think about what message about reading and writing they want to communicate through their posters. Display their posters at home or at your reading club – or ask your local library to display them!

Spread the word

Collect old books and magazines and put them in a decorated box outside your home or reading club. Make a sign which says: "Help yourself to one and enjoy reading it." Place the sign near or on the box and watch as people help themselves to reading material!



Wees kreatief!

Hier volg 'n paar aktiwiteite om Internasionale Geletterheidsdag en Nasionale Boekeweek (vanaf 1 tot 6 September 2014) te vier. Die aktiwiteite help om kinders aan boeke wat hulle nog nie voorheen gelees het nie bekend te stel, en bied geleenthede vir hulle om boeke wat hulle gelees het te onthou en te praat oor boeke wat hulle geniet het. Probeer boeke kies wat die beste by jou kinders en hulle belangstellings pas. Geniet die viering van boeke!

Skep 'n boekbuffet

1. Kry 'n versameling boeke wat jou kinders nog nie voorheen gelees het nie bymekaar – neem dit by 'n biblioteek uit of leen by vriende! (As jy hierdie aktiwiteit by 'n leesklub of in jou klaskamer doen, sal jy een boek per kind nodig hê. As jy dit by die huis doen, kies ongeveer 10 verskillende boeke.)
2. Rangskik die boeke in 'n sirkel op die vloer of op die kinders se stoele of lessenaars.
3. Vra die kinders om te sit en een van die boeke te lees totdat die tydsklokkie afgaan. (Stel 'n tydsklokkie of stophorlosie vir omtrent 5 tot 8 minute.)
4. Wanneer die tydsklokkie afgaan, moet die kinders na die volgende boek beweeg en dit lees. Dit maak nie saak as hulle nog nie die vorige boek klaar gelees het nie.
5. Laat hulle voortgaan totdat hulle 'n kans gehad het om al die boeke te lees.

Aantrekspeletjie

Moedig jou kinders aan om as hulle gunstelingkarakter in 'n boek aan te trek. (As julle by 'n leesklub is, vra die ouers en versorgers om hulle kinders te help besluit wat om aan te trek.) Jy kan dit eenvoudig hou deur die kinders te help om papiermaskers te maak om te dra. Hou 'n parade en 'n fotosessie van al die karakters.



Maak 'n plakkaat

Gee vir jou kinders groot velle papier, kryte, kokipenne, gom, skêre en ou tydskrifte en koerante om hulle eie plakkate vir Internasionale Geletterheidsdag te maak. Moedig hulle aan om te dink oor watter boodskap oor lees en skryf hulle deur hul plakkate wil oordra. Stal hulle plakkate by die huis of by jou leesklub uit – of vra jou plaaslike biblioteek om dit uit te stal!

Deel leesstof

Versamel ou boeke en tydskrifte en plaas hulle in 'n versierde boks buite jou huis of leesklub. Maak 'n teken wat sê: "Kry vir jou een en lees lekker." Plaas die teken naby of op die boks en kyk hoe mense vir hulle leesmateriaal uitsoek!

In your next Nal'ibali supplement:

- Passing on your family stories
- A cut-out-and-keep book, *Theo and the cat burglar*
- Enter our Heritage Day Family Stories competition
- A new Story Corner story, *Lwazi and the go-kart*

Ask the experts: Do you have a question about reading and writing with your children, or about reading clubs? Send your literacy questions to info@nalibali.org with "Ask the experts" in the subject line. Our team of literacy experts will send you a response!

Find us on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA



In jou volgende Nal'ibali-bylae:

- Dra jou familie se stories oor
- 'n Knip-uit-en-bêreboekie, *Theo en die kattedief*
- Skryf in vir ons Erfenisdag-kompetisie vir Familiestories
- 'n Nuwe storie vir die Storiehoekie, *Lwazi en die knortjor*

Vra die kenners: Het jy 'n vraag oor lees en skryf saam met jou kinders, of oor 'n leesklub? Stuur jou geletterheidsvrae aan info@nalibali.org met "Ask the experts" in die onderwerpreël. Ons span geletterheidskenners sal vir jou 'n antwoord stuur!

Celebrate your story.
Celebrate International Literacy Day.



Vier jou storie.
Vier Internasionale Geletterdheidsdag.

Nalibazi
It starts with a story...